
# NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE

## Graad 6 ~ Kwartaal 1

Natuurwetenskappe: Lewe en lewende dinge
Tegnologie: Verwerking

# Fotosintese

## Plante en voedsel




### Fotosintese

Plante is voedselfabrieke. Hulle maak hul eie voedsel deur 'n proses bekend as **fotosintese**.
Tydens fotosintese gebruik 'n plant

- ligenergie van die Son
- koolstofdioksied uit die lug en
- water uit die grond om glukose ('n suiker) te maak.

Fotosintese vind hoofsaaklik in die blare plaas. Die blare is dun en plat sodat die plant die sonlig maklik kan absorbeer.

### Stysel om te stoor

- Plante maak meer glukose as wat hulle dadelik kan gebruik.
- Glukose/suiker word omskep in **stysel**.
- Stysel is die voedsel wat die plant in reserwe hou.
- Plante stoor stysel in hulle blare, stamme, wortels, vrugte en sade.
- Baie stysel in aartappels, mielies en graansoorte soos koring.

## Plante en lug

### Plante sirkuleer die gasse in die lug

Plante maak kos asook suurstof.
Gedurende fotosintese gebruik plante koolstofdioksied uit die lug en gee suurstof af in die lug as afval. Diere, insluitende mense, gebruik suurstof uit die lug om asem te haal. Ons asem koolstofdioksied uit in die lug as afval. Plante gebruik hierdie koolstofdioksied vir fotosintese.

 ©My A Plus (2024)